

INHOUDSOPGAWE

VISIE EN MISSIE	3
ELSENBURG: 'N TROTSE TRADISIE	4
KONTAKBESONDERHEDE	5
VAARDIGHEIDSKURSUSSE	6
KURSUSSE AANGEBIED	8
● Algemene Landbou	
1 Veilige hantering van gifstowwe (AVCASA) OS2	8
2 Oesbeskerming OS4	8
3 Kalibrasie van rugsakspuiter OS3	8
4 Kalibrasie van spuittoerusting OS4	9
5 Gebruik van 'n persoonlike rekenaar OS4	9
6 Grondvoorbereiding en plantvoeding OS3	10
7 Inleiding tot besproeiing OS3	10
● Groenteverbouing	
8 Groenteverbouing OS5	11
● Wingerdbou * ¹	
9 Wingerdverbouing: 'n Oorsig OS2	11
10 Loofbestuur van wingerd OS3	12
11 Instandhoudingsnoei van wingerd OS3	12
12 Oes van druiwe OS3	13
13 Wingerdblokbestuur OS6	13
● Vrugteverbouing * ²	
14 Inleiding tot sagtevrugteproduksie* ² OS1	14
15 Snoei en manipulasie van sagtevrugteboom OS3	14
16 Olyfverbouing OS5	14
● Diereproduksie	
17 Inleiding tot Pluimveeproduksie OS1	15
18 Pluimveeproduksie OS3	15
19 Gevorderde Pluimveeproduksie OS10	16
20 Inleiding tot Varkproduksie OS1	16
21 Varkproduksie OS3	17
22 Vleisbeesproduksie OS3	17
23 Boerbokproduksie OS3	17
24 Volstruisproduksie 0-3 maande OS2	18
25 Volstruisproduksie 3 maande tot slag OS2	18

*¹ Die volgende word ingesluit onder Wingerdbou: Wyn-, Tafel- en Droogdruive. (Spesifiseer wanneer u bespreek.)

*² Die volgende gewasse word ingesluit onder Sagtevrugteproduksie: Kernvrugte, steenvrugte of sitrus. (Spesifiseer gewas wanneer u bespreek.)

26 Skaapproduksie OS3	19
27 Suiwelproduksie OS10	19
• Landbou Ingenieurswese	
28 Oprigting en instandhouding van Draadheinings OS5	20
29 Metaalwerk op die plaas OS10	20
30 Roetine trekkerversorging op die plaas OS5	21
31 Werking en onderhoud van windpompe OS1	21
• Landboubestuur / Landbou-ekonomie	
32 Landboubewusmaking OS3	22
33 Landboubemarking OS3	22
34 Finansiële bestuur OS4	22
35 Landboubestuur OS3	23
36 Entrepreneurskap OS4	23
• Menslike en Sosiale Wetenskappe	
37 Kommunikasie OS3	24
38 Konflikhantering OS2	24
39 Leierskap OS3	25
40 Lewensoriëntering OS4	25
41 Motivering OS3	26
42 Vergaderingsprosedure OS2	26
• Ander Vaasdigheidskursusse	
43 Analise kursus: Vrugte, druiwe en wyn	27
44 Kweekhuisbestuur	27
LEERLINGSKAPPROGRAM	28
Eenheidstandaarde van toepassing op die Leerlingskapprogram	30
ANDER PROGRAMME BY KAAPSE INSTITUUT VIR LANDBOU-OPLEIDING: ELSENBURG	50

Visie en Missie van die Kaapse Instituut vir Landbou-opleiding: Elsenburg

Visie

Dié leier in Landbou-opleiding en -ontwikkeling van gehalte in Afrika

Missie

Om ons kliënte te bemagtig deur markgedrewe onderrigprogramme aan te bied ter stimulering van volhoubare ekonomiese groei

ELSENBURG: 'N TROTSE TRADISIE

Elsenburg se geskiedenis dateer terug na 1698 toe die grond deur die destydse goewerneur, Willem Adriaan van der Stel, aan Samuel Elsevier toegeken is. Die plaas is tot 'n spogplaas opgebou deur verskeie eienaars, onder wie Martin Melck, wat die deftige ou herehuis in 1761 gebou het. Die plaas is in 1898 deur die Myburgh-familie aan die Staat verkoop.

Op 1 September 1898 word die Landboukollege geopen, die eerste van sy soort in Suid-Afrika, en aan die einde van die eerste akademiese jaar (Junie 1899) word vyf diplomas toegeken. Gedurende die eerste 14 jaar van sy bestaan word die gemiddelde studentetal per jaar op 44 geraam. Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het egter 'n merkbare invloed gehad op studente-inskrywings, sodat daar in 1915 slegs 8 studente was.

In 1926 is Elsenburg-landboukollege in die Universiteit van Stellenbosch opgeneem en is daar voorsiening gemaak vir 'n tweejarige diplomakursus op Elsenburg, met die primêre doel om voornemende boere op te lei. In 1927 word hierdie kursus vervang deur 'n eenjarige kursus, wat in 1931 afgestel en vervang is deur praktiese kursusse. Eers in 1939 word die tweejarige diplomakursus weer ingestel. Elsenburg se verbintenis met die Universiteit van Stellenbosch is in 1973 na 47 jaar beëindig, waarna die Departement van Landbou verantwoordelikheid vir landbou-opleiding op Elsenburg aanvaar het.

'n Belangrike mylpaal is in 1976 bereik met die instelling van die Diploma in Keldertegnologie, en vandag is bykans 80% van Suid-Afrika se wynmakers alumni van Elsenburg.

Met die oorgang na 'n demokratiese politieke bestel in Suid-Afrika in 1994 het die Wes-Kaapse Departement van Landbou tot stand gekom. Daarmee saam het die Elsenburg- en Kromme Rhee-landboukollege saamgesmelt. Hierdie samesmelting het 'n groot verantwoordelikheid op die Departement geplaas ten opsigte van die uitbreiding van onderrigaanbiedinge, en 'n Sentrum vir Voortgesette Onderwys en Opleiding is gestig met die oog op die behoefte aan kort, praktiese kursusse.

Die verbintenis met die Universiteit van Stellenbosch is na 30 jaar hervat en sedert 2004 bied Elsenburg in samewerking met die Universiteit van Stellenbosch se Fakulteit van Landbou- en Bosbouwetenskappe 'n driejarige B.Agric-graadkursus aan.

Hierdie verwickeling is in ooreenstemming met die regering se nuwe akademiese beleid, en bied aan ons tersiêre studente groter beweeglikheid tussen die twee instellings. Dit verseker ook dat duplisering van opleidingsprogramme nie plaasvind nie.

Sedert 1 April 2004 staan Elsenburg-landboukollege bekend as die Kaapse Instituut vir Landbou-opleiding: Elsenburg (KILO).

KONTAKBESONDERHEDE

Alle registrasie korrespondensie moet gerig word aan:

Hoof: Studentesake

Kaapse Instituut vir Landbou-opleiding: Elsenburg

Posbus 54
ELSENBURG
7607

Tel: +27 21 808 5450/1

Faks: +27 21 884 4319

E-pos: judig@elsenburg.com

Webtuiste: www.elsenburg.com

Algemene Navrae

Elsenburg	Outeniqua (George)	Oudtshoorn	Clanwilliam	Bredasdorp
Olivia Bosch Tel: +27 21 808 7708 Faks: +27 21 808 7652 oliviab@elsenburg.com OR Zenovia Parker Tel: +27 21 808 7686 Fax: +27 21 884 4319 zenoviap@elsenburg.com	Klaas Eland Tel: +27 44 803 3700 Faks: +27 44 874 7730 Sel: +27 82 909 3959 klaase@elsenburg.com	McGrandale Makier Tel: +27 44 272 6077 Faks: +27 44 272 3141 Sel: +27 73 143 5659 mcgrandalem@elsenburg.com	Petula Cloete Tel: +27 27 482 1362 Faks: +27 27 482 1362 Sel: +27 82 885 5871 petulad@elsenburg.com	Elizabeth Daniels Tel: +27 28 424 1480 Faks: +27 28 424 2856 Sel: +27 78 457 2031 elizabethd@elsenburg.com
Posbus 54 ELSENBURG 7607	Posbus 249 GEORGE 6530	Posbus 351 OUDTSHOORN 6620	Posbus 457 CLANWILLIAM 8135	Posbus 1138 BREDASDORP 7280

Direkteur: Verdere Onderwys en Opleiding (VOO)

Douglas Chitepo

Tel: +27 21 808 5497

Faks: +27 21 808 7703

Sel: +27 83 6436713

douglasc@elsenburg.com

VOO lektore

Vakgebied: Groenteproduksie

Henry Cook

+27 21 808 5486

+27 21 82 909 3958

henryc@elsenburg.com

Sibusiso Gumbi

+27 21 808 5451

sibusisog@elsenburg.com

Vakgebied: Diereproduksie

David Barnard

+27 21 808 5252

+27 83 641 5162

davidba@elsenburg.com

Vakgebied: Landbou Ingenieurswese

Wilhelm Kenny

+27 21 808 7668

+27 83 642 0607

wilhelmk@elsenburg.com

Vakgebied: Sosiale Wetenskappe

Jackie Beerwinkel

+27 21 808 5452

(Kordineerder: Learnerships) +27 82 808 0989

jackieb@elsenburg.com

Vakgebied: Landboubestuur

Ruth Monye

+27 21 808 5490

[monyeruth\(training\)@elsenburg.com](mailto:monyeruth(training)@elsenburg.com)

Thami Sithole

+27 21 808 5451

thamis@elsenburg.com

Vakgebied: Pommologie en Wingsedbou

Chirene Jelbert

+27 21 808 5451

chirenej@elsenburg.com

Ander kontakbesonderhede:

Department van Landbou: Wes Kaap

+27 21 808-5111

LET WEL

- Elsenburg behou die reg voor om te eniger tyd wysigings aan die Prospektus aan te bring.
- Die bestuur van die Kaapse Instituut vir Landbou-opleiding: Elsenburg aanvaar geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat in die inhoud van die Prospektus mag voorkom nie. Alle redelike sorg is egter gedra om te verseker dat die Prospektus die tersaaklike inligting wat met die ter perse gaan op 31 Oktober 2006 beskikbaar was, akkuraat en volledig weergee.

VAARDIGHEIDSKURSUSSE

WAT BIED ONS AAN?

KILO bied praktiese geïntegreerde waardigheids kursuse aan in the volgende studie velde.

- Algemene landbou
- Wingerdbou
- Diere produksie
- Landbou bestuur / ekonomie
- Groente produksie
- Vrugte produksie
- Landbou ingenieurswese
- Menslike sosiale wetenskappe

WAT IS 'N VAARDIGHEIDSKURSUS?

'n Vaardigheids kursus is 'n kort opleidingsprogram om studente toe te rus met teoretiese en praktiese kennis en vaardighede rakende landbou. Dit sel die student in staatstel om praktiese vaardighede wat gedurende die kursus aangeleer is, toe to pas en wel deur dagte, ingeligte observasies en beperkte besluite op die plaas te maak.

AANSOEKE

Aansoekvorms is verkrygbaar by die onderskeie sentrums, of op die Instituut se webtuiste.

Aansoeke vir kortkursusse moet op die voorgeskrewe aansoekvorm die Instituut-kantoor nie later nie as **twee weke** voor die aanvangsdatum van die bepaalde kursus, bereik.

Leerlingskapaansoeke moet die Instituut-kantoor voor of op 30 November van die voorafgaande jaar bereik.

Algemene inligting

- Die teikengroep vir vaardigheidskursusse is hulpbron arm boere, LRAD- begunstigdes, landelike gemeenskappe, kommersiële boere, plaaswerkers sowel as die jeug, bejaardes, vroue en gestemdes.
- Hierdie teikengroep sluit in enige persoon wat kan lees en skryf, ongeag die vlak van vorige opleiding.
- Alle studiemateriaal is in Engels en Afrikaans beskikbaar
- Kursusse word hoofsaaklik in Engels en Afrikaans aangebied. In sekere gevalle kan kursusse ook in Xhosa aangebied word.
- Kursusse kan slegs aangebied word indien die vereiste **getal kursusgangers** aansoek doen, gewoonlik word 'n minimum van 8 vereis.
- Alle **kursusse** kan **weg van die Elsenburg** kampus aangebied word b.v. binne gemeenskappe indien die benodigde opleidingsfasiliteite beskikbaar is.
- Addisionele **opvolg opleidingsessies** op plase / persele / gemeenskappe kan gereël word teen 'n bepaalde tarief.
- Kursusse duur onderskeidelik vanaf 1 tot 10 dae. Die duur van kursusse word deur die kode by die kursustitel aangedui. (OS3: O=Voortgesette Onderwys en Opleiding; S=Vaardigheidsprogram; 3=kursusdae)
- Kursusgangers moet hul **ID boeke** beskikbaar hê met registrasie.

Besprekings en Betalingsprosedure

- Alle besprekings moet op die korrekte **Registrasievorm** voltooi word. Dit kan per pos, faks of e-pos aan die Instituut-kantoor gestuur word.
- Die afsnydatum vir besprekings is **twee weke** voor die aanvangsdatum van 'n bepaalde kursus.
- **Bevestiging** van bespreking sal geskied sodra inbetalingstrokie as bewys van betaling ontvang is.
- Geen **terugbetalings** sal oorweeg word tensy kansellasies ten minste een volle week voor die aanvangsdatum van 'n kursus gedoen word nie.
- **Inbetaling** in Rekening:

Dept. Landbou
Rek.No: 4054910586
Takkode: 638909
ABSA BANK (Western Cape Gov.)

Met betaling dui die volgende aan as verwysing:

81 FET KILO

Kursustitel en datum

Naam van kursusganger

Faks inbetalingsbewys vir aandag Hoof: Studentesake:

Faks: +27 21 884 4319

Dui kursustitel, datum en die naam van kursusganger aan.

● Studentefoie

- > Opleiding
 - R 50 per persoon per kursusdag (**WEG** van Opleidingsentrum)
 - R 70 per persoon per kursusdag (**TE** Opleidingsentrum): Middagete ingesluit
 - Lesingmateriaal (taal van keuse, Afrikaans of Engels) word ingesluit in kursusfoie.
 - R120 per persoon per kursusdag (**TE** George, Clanwilliam, Bredasdorp en Elsenburg): opleiding, akkommodasie en drie maaltye ingesluit.
- > Alle kostes sluit BTW in.
- > Pryse onderhewig aan verandering.

● Aanmeld en Registrasie

- > Tyd:
 - 08h30 op eerste kursusdag.
- > Plekke van aanbidding:
 - **OU POSKANTOOR**, Elsenburg
 - **SWEISWERKSWINKEL**, Elsenburg
 - **TREKKERWERKSWINKEL**, Elsenburg
 - **OUTENIQUA OPLEIDINGSENTRUM**, George
 - **OUTDSHOORN OPLEIDINGSENTRUM**, Oudtshoorn
 - **AUGSBURG OPLEIDINGSENTRUM**, Clanwilliam
 - Bredasdorp
 - Landelike gemeenskappe of dorpe (soos vooraf gereël / en of ooreengekom)

● Akkreditasie/Assessering

Leerlingskappe en kort kursusse word volgens SAQA geakkrediteerde eenheidstandaarde aangebied. Leerlingskappe word volgens die toepaslike assesseringskriteria geassesseer op teoretiese sowel as praktiese vlak. Leerders wat **bevoeg bevind** word, **sal krediete vir toepaslike eenheidstandaarde ontvang**. Leerders wat die volle kort kursus bywoon, sal 'n **Sertifikaat van Bywoning** ontvang. Erkenning vir vooraf leer kan toegeken word aan kandidate met toepaslike kennis en vaardighede.

● Om saam te bring

- > Alle kursusse:
 - Pen, Potlood (Opsioneel: Leër om notas netjies te bewaar).
- > Praktiese kursusse:
 - Werksdrag (Oorpak, veiligheidsskoene waterskoene, reënkler).
- > Oorslaap by Elsenburg / George / Clanwilliam / Bredasdorp / Oudtshoorn: Toiletware, handdoek, klere.
- > Toerusting, bv. snoeiskêr waar van toepassing.

● Maaltye

- > Middagete: 13h00 – 13h30
- > Ontbyt: 07h15 – 07h45 (slegs beskikbaar indien oorslaap).
- > Aandete: 18h00 – 18h45 (slegs beskikbaar indien oorslaap).

KURSUSSE AANGEBIED

1. VEILIGE HANTERING VAN GIFSTOWWE (AVCASA) OS2

DOELWIT:

Om die student met die teoretiese en praktiese kennis en vaardighede rakende die veilige gebruik en hantering van gifstowwe by gewasse toe te rus, ten einde weldeurdagte en ingeligte waarnemings en beperkte besluite te kan maak.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116125(4)

INHOUD:

Stoor en verpakking; klassifikasie en kodes; noodhulp; piktogramme; vergiftiging; kontaminasie; houer en afval wegdoening; beskermende klere; beskerming van die omgewing

UITKOMSTE:

Die student wat die volledige kursus bygewoon het, behoort oor die teoretiese en praktiese kennis en vaardighede rakende die veilige gebruik en hantering van gifstowwe by gewasse te beskik en behoort weldeurdagte en ingeligte waarnemings en beperkte besluite te kan maak.

2. OESBESKERMING OS4

DOELWIT:

Om die student met die teoretiese en praktiese kennis en vaardighede rakende oesbeskerming toe te rus, ten einde weldeurdagte en ingeligte waarnemings en beperkte besluite te kan maak.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116204(5)

INHOUD:

Plantsiektes; peste; plaeg; insekte; onkruid; geïntegreerde plaagbeheer

UITKOMSTE:

Die student wat die volledige kursus bygewoon het, behoort oor die teoretiese en praktiese kennis en vaardighede rakende die belangrikste aspekte van oesbeskerming te beskik en behoort weldeurdagte en ingeligte waarnemings en beperkte besluite te kan maak.

3. KALIBRASIE VAN RUGSAKSPUIE OS3

DOELWIT:

Om die student met kennis en vaardighede aangaande die beginsels van rugsakkalibrasie te voorsien sodat rugsakspuite korrek gekalibreer word om optimale spuitwerk te verseker.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116167(4) 7812 (3) 116275 (3) 116290 (3) 12564(5) 116060 (5)
14374 (6) 13501 (2)

INHOUD:

Komponente van spuittoerusting (tipe verstuiwersp druppelgrootte, pomp, drukbeheerstelsels, filtrering; beroering van spuitmiddel in tenk); kalibrasie van rugsak; toedieningsvolume; grondspoed; vloeitempo; basiese berekeninge (gebruik metrieke stelsel); basiese gereedskap benodig vir kalibrasie van spuitmasjiene; gebruik, instandhouding en roetiene diens van gereedskap; toepassing van roetine onderhoudsplan om effektiewe werking van toerusting te verseker

UITKOMSTE:

Die leerder wat geakkrediteer word met die eenheidstandaarde waaruit hierdie kursus bestaan sal oor genoegsame **kennis** en **insig** aangaande die komponente van rugsakspuite, funksies en werking daarvan, asook die **vaardigheid** om rugsakspuite te kalibreer, besit.

4. KALIBRASIE VAN SPUITTOERUSTING OS4

DOELWIT:

Om die student met kennis en vaardighede aangaande die beginsels van kalibrasie te voorsien sodat spuitapparaat korrek gekalibreer word om optimale spuitwerk te verseker.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116167(4) 7812 (3) 116275 (3) 116290 (3) 116060 (5)
13501 (2)

INHOUD:

Komponente van spuittoerusting (tipe verstuiwers; druppelgrootte; pompe; drukbeheerstelsels; filtrering) ; opwekking van lugenergie; beroering van spuitmiddel in tenk; kalibrasie van spuittoerusting; toedieningsvolume; grondspoed; vloeitempo; basiese berekeninge (gebruik metrieke stelsel); basiese gereedskap benodig vir suksesvolle kalibrasie; gebruik, instandhouding en roetine diens van gereedskap; toepassing van roetine onderhoudsplan om effektiewe werking van toerusting te verseker

UITKOMSTE:

Die leerder wat geakkrediteer word met die eenheidstandaarde waaruit hierdie kursus bestaan sal oor genoegsame **kennis** en **insig** aangaande die komponente van spuittoerusting, funksies en werking daarvan, asook **vaardigheid** om spuitapparaat te kalibreer, besit.

5. GEBRUIK VAN 'N PERSOONLIKE REKENAAR OS4

DOELWIT:

Om vir leerders 'n stewige fondament van kennis en vaardigheid te lê betreffende

rekenaar hardeware en sagteware om hulle voor te berei om meer spesifieke rekenaar applikasieprogramme te bemeester.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

7547 (6)

INHOUD:

Verstaan, gebruik en onderhoud van hardeware; basiese bedryfstelsel prosedures; verskillende tipes applikasie sagteware en hulle gebruike; lêerhantering op die rekenaar

UITKOMSTE:

Iemand wat hierdie eenheidstandaard bemeester het kan die hardeware komponente van 'n persoonlike rekenaar beskryf, gebruik en onderhou, basies bedryfstelsel prosedures uitvoer, die verskillende tipes sagteware beskryf, hoe data gestoor word, lêers hanteer, rekenaar data beskerm en 'n drukker gebruik.

6. GRONDVOORBEREIDING EN PLANTVOEDING OS3

DOELWIT:

Om die student met die teoretiese en praktiese kennis en vaardighede rakende grondvoorbereiding en plantvoeding toe te rus, ten einde weldeurdagte en ingeligte waarnemings en beperkte besluite te kan maak.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116206 (5) 116053 (5) 116267 (5) 116311(3)

INHOUD:

Grondeienskappe (fisiese grondeienskappe, chemiese grondeienskappe, organiese grondeienskappe); Plantvoeding (noodsaaklike voedingselemente; bemestingstowwe; monsterneming; maak van kompos; grondontledings / plantbehoefte); Bewerkingspraktyke

UITKOMSTE:

Die student wat die volledige kursus bygewoon het, behoort oor die teoretiese en praktiese kennis en vaardighede rakende grondvoorbereiding en plantvoeding te beskik en behoort weldeurdagte en ingeligte waarnemings en beperkte besluite te kan maak.

7. INLEIDING TOT BESPROEING OS3

DOELWIT:

Om die student met teoretiese kennis en basiese vaardighede aangaande besproeiing, grond-waterverhoudings, waterbehoefte en verskillende metodes van besproeiing toe te rus.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116168 (1) 116202 (2)

INHOUD:

Grond - waterverhoudings; beweging van water in grond; beskikbaarheid van water; grondtekstuur; grondstruktuur; waterbehoefes van gewasse; metodes van besproeiing; besproeiingskedulering; gewasbehoefes; besproeiingstelsels ins tallering

UITKOMSTE:

Die leerder wat geakkrediteer word met die Eenheidstandaarde waaruit hierdie kursus bestaan sal oor die kennis en insig rakende die basies beginsels van besproeiing; die benodigde vaardighede besit om die verskillende aspekte suksesvol te integreer en in samewerking met 'n oorhoofse bestuurder.

8. GROENTEVERBOUING OS5

DOELWIT:

Om aan persone wat met groenteverbouing wil begin en/of wat reeds met groente boer die nodige teoretiese en praktiese kennis en vaardighede te verskaf om die beginsels betrokke by groenteboerdery toe te pas.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116199(4) 116265(2) 116158(2) 116200(2) 116201(5) 116206(5)
116203(5) 116204(5) 116202(2) 116203(5) 116125(4)

INHOUD:

Inleiding; Gewasvestiging (grond monsterneming, grond voorbereiding, seisoene, plant, oplei en vorming, toerusting); Bepanning (mark omgewing, tyd van vestiging en oes, arbeid verspreiding, wisselbou, gewaskeuse, aksieplan); Voeding (kunsmis, kompos); Besproeiing; Verantwoordelike gebruik van gifstowwe; Plantsiektes en onkruid; Onkruid en plaagbeheer; Oes en stoor van groente

UITKOMSTE:

Die leerders wat as bevoeg gesertifiseer word behoort oor die teoretiese en praktiese **kennis en vaardighede** te beskik om die beginsels betrokke by groenteboerdery toe te pas.

9. WINGERDVERBOUING: 'N OORSIG OS2

DOELWIT:

Om die student 'n oorsig te gee van die omvang van wingerdverbouing, veral ten opsigte van die basiese produksie praktyke.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116158 (2) 116163 (2) 116165 (2)

INHOUD:

Oorsig (Nasionale Kwalifikasie Raamwerk); grondkunde en wingerdvoeding; wingerdvestiging; strukturen werking van wingerdstok; besproeiing van wingerd; plant van wingerdstokke; oesbeskerming van wingerd; wingerdopleistelsels; raamontwikkeling van wingerdstokke; loofbestuur; instandhoudingsnoei; oes

van druiwe; wingerdkwekerypraktyke; wingerdblokbestuur

UITKOMSTE:

Na voltooiing van die kursus behoort studente oor voldoende **kennis** te beskik rakende aspekte vir suksesvolle wingerdverbouing.

10. LOOFBESTUUR VAN WINGERD OS3

DOELWIT:

Om die student met kennis en vaardighede aangaande loofbestuur asook lente- en somerbehandelings te voorsien.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

12581(3) 116128 (4) 116264 (3) 116305 (3) 16203 (5)

INHOUD:

- Beginsels van loofbestuur
 - > Voedingstofsink, effektiewe blaaroppervlak, lug- en ligpenetrasie, invloed op snoei- en oeskoste, beheer van oesmasse;
- Toepassing van loofbestuurspraktyke
 - > Lighuishouding, suier, tip en top van lote, insteek van lote, verwydering van ongewenste blare, oesbeheer en verwydering van nuwe groei, lente- en somerbehandelings

UITKOMSTE:

Die leerder wat geakkrediteer word met die eenheidstandaarde waaruit hierdie kursus bestaan sal oor voldoende:

- **kennis** en **insig** aangaande die die redes vir loofbestuur, lente- en somerbehandelings en loofbestuurspraktyke beskik.
- **vaardighede** beskik om loofbestuurspraktyke suksesvol te implementeer en toe te pas in hul daaglikse boerdery aktiwiteite

11. INSTANDHOUDINGSNOEI VAN WINGERD OS3

DOELWIT:

Om die student van kennis en vaardighede aangaande die doel, beginsels en toepassing van wingerdsnoei te voorsien om korrek te kan snoei.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

12580 (4)116128 (4) 116264 (3) 116305 (3) 116203 (5)

INHOUD:

- Beginsels van wingerdsnoei - Redes vir snoei, Beginsels en toepassing van snoei, Tyd van snoei, Snoeistelsels; Toepassing van beginsels van snoei, Maak van die korrekte snitte

UITKOMSTE:

Die leerder wat geakkrediteer word met die eenheidstandaarde waaruit hierdie

kursus bestaan sal oor voldoende:

- **kennis** en **insig** aangaande die redes, beginsels en toepassing van wingerdsnoei beskik.
- **vaardighede** beskik om die verskillende aspekte suksesvol te integreer in hul daaglikse boerdery aktiwiteite

12. OES VAN DRUIWE OS3

DOELWIT:

Om die student met kennis en vaardighede aangaande die bepaling van optimum rypheid van druiwe vir 'n spesifieke doel, sowel as die oes van druiwe volgens standaard prosedures, toe te rus.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116201 (5) 116111 (4) 116268 (4) 116297 (3) 12585 (3) 14335 (5)

INHOUD:

Rypwording en rypheidsbepaling van druiwe (korrelontwikkeling, maatstawwe vir rypheidsbepaling, gehalte evaluering, rypheidsindeksering); Oes van produkte (beplanning van oesprogram; monsterneming, voorbereiding, oesstelsels); Na-oes hantering van druiwe (biologiese en omgewingsfaktore betrokke in verval; na-oes tegnologie)

UITKOMSTE:

Die leerder wat geakkrediteer word met die eenheidstandaarde waaruit hierdie kursus bestaan sal beskik oor voldoende:

- **kennis** en **insig** aangaande die rypheid van druiwe vir 'n spesifieke doel, ontleding van druiwe om optimale rypheid te bepaal, sowel as oes daarvan.
- **vaardighede** beskik om die verskillende aspekte suksesvol te implementeer in hul daaglikse boerdery aktiwiteite.

13. WINGERDBLOKBESTUUR OS6

DOELWIT:

Om die student met kennis aangaande bestuursfunksies toe te rus, en hoe om dit te implementeer in 'n wingerdproduksie omgewing

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116165 (2) 116115 (2) 116218 (3) 116291 (3)

INHOUD:

Basiese produksie faktore (grond, arbeid, kapitaal, bestuur); Algemene bestuursfunksies in wingerdverbouing (beplanning, leierskap, organiseren, implementering, beheer); Addisionele produksie bestuursfunksies (besluitneming, kommunikasie, motivering, koördineren, delegering, dissipline, menslike hulpbronbestuur); Besigheidsplan

UITKOMSTE:

Die leerder wat geakkrediteer word met die eenheidstandaarde waaruit hierdie

kursus bestaan sal oor:

- Voldoende **kennis** en **insig**, sowel as **vaardighede** beskik vir die suksesvolle bestuur van wingerde.

14. INLEIDING TOT SAGTEVRUGTEPRODUKSIE OS1

DOELWIT:

Om die student met die teoretiese en praktiese kennis en vaardighede rakende die Suid Afrikaanse vrugtebedryf toe te rus, ten einde weldeurdagte en ingeligte waarnemings en beperkte besluite te kan maak.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116158 (2) 116081 (2) 116214 (3)

INHOUD:

Oorsig oor die vrugtebedryf in Suid-Afrika; ekonomiese oorwegings; natuurlike hulpbronne; seisoenale groeisyklus van vrugteboom

UITKOMSTE:

Die student wat die volledige kursus bygewoon het, behoort oor die teoretiese en praktiese kennis en vaardighede rakende die belangrikste aspekte van Suid Afrikaanse vrugtebedryf te beskik en behoort weldeurdagte en ingeligte waarnemings en beperkte besluite te kan maak.

15. SNOEI EN MANIPULASIE VAN SAGTEVRUGTE OS3

DOELWIT:

Om die student met die teoretiese en praktiese kennis en vaardighede rakende snoei en manipulasie van sagtevrugte toe te rus, ten einde weldeurdagte en ingeligte waarnemings en beperkte besluite te kan maak.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116203 (5) 116128 (4) 116264 (3) 116305 (3)

INHOUD:

Opleistelsels; snoeimetodes; blommanipulasie; vrugmanipulasie

UITKOMSTE:

Die student wat die volledige kursus bygewoon het, behoort oor die teoretiese en praktiese kennis en vaardighede rakende snoei en manipulasie van sagtevrugte te beskik en behoort weldeurdagte en ingeligte waarnemings en beperkte besluite te kan maak.

16. OLYFVERBOUING OS5

DOELWIT:

Om die student met kennis en vaardighede aangaande jong boom ontwikkeling, sowel as onderhoudsnoei van volwasse bome toe te rus.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116203 (5) 116128 (4) 116264 (3) 116305 (3)

INHOUD:

Redes vir raamontwikkeling (groeikrag en kwaliteit, gebalanseerde raamwerk, blaarverspreiding, mikro-klimaat); ontwikkeling tydens die onvolwasse stadium, beginsels van onderhoudsnoei, toepassing van onderhoudsnoei

UITKOMSTE:

Die leerder wat geakkrediteer word met die eenheidstandaarde waaruit hierdie kursus bestaan sal beskik oor voldoende:

- **kennis en insig** aangaande die redes, beginsels en toepassing van olyfboom raamwerkontwikkeling en onderhoudsnoei.

17. INLEIDING TOT PLUIMVEEPRODUKSIE OS1

DOELWIT:

Om die voornemende pluimveeboer van die nodige teoretiese kennis te voorsien, ten einde hom/haar in staat te stel om weldeurdagte en ingeligte besluite te kan neem in die beplanning van sy/haar voorgenome pluimveeproduksie eenheid.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116158 (2) 116081 (2)

INHOUD:

Algemene oorsig oor die Suid – Afrikaanse en internasionale pluimveebedryf; marknavorsing en bemarkingsvereistes; eienskappe en behoeftes van pluimvee (biologiese kenmerke van pluimvee, die geskikte omgewing vir pluimvee, produksiesiklusse); produksiesisteme; behuisingsfasiliteite; doeltreffende bestuur; ekonomiese oorwegings

UITKOMSTE:

Die student wat die volledige kursus bygewoon het, behoort oor die teoretiese **kennis en insig** ten opsigte van die beginsels op grond waarvan 'n pluimveeboerdery beplan word, te beskik.

18. PLUIMVEEPRODUKSIE OS3

DOELWIT:

Hierdie kursus is ontwerp vir persone wat reeds met pluimvee boer, asook dié wat die inleidende kursus tot pluimveeproduksie (OS1) suksesvol voltooi het en hul teoretiese kennis en vaardighede aangaande die produksiepraktyke van 'n pluimveeboerdery wil verbreed.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116191 (6) 116074 (5) 116173 (5) 116081 (2)

INHOUD:

Pluimveerasse; produksiesiklus.; versorging van pluimvee gedurende; verskillende groeistadia; behuising en infrastruktuur; voeding; gesondheidsbestuur; rekordhouding; bemarking.

UITKOMSTE:

Die leerders wat die volledige kursus bygewoon het, behoort oor die teoretiese **kennis** en **vaardighede** te beskik om die beginsels van die verskillende produksiepraktyke in die boerdery toe te pas.

19. GEVORDERDE PLUIMVEEPRODUKSIE OS10

DOELWIT:

Hierdie kursus is ontwerp vir persone wat reeds met pluimvee boer, asook dié wat die pluimveeproduksiekursus (POL OS3) suksesvol voltooi het en hul teoretiese kennis en vaardighede aangaande die produksiepraktyke van 'n pluimveeboerdey wil verbreed.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116164 (2) 116117 (5) 116219 (5) 116055 (7) 116214 (3)

INHOUD:

Pluimvee rasse; produksiesiklus; pluimvee anatomie en fisiologie; versorging van pluimvee gedurende verskillende groeistadia; behuising en infrastruktuur; voeding; gesondheidsbestuur; rekordhouding; bemarking

UITKOMSTE:

Die leerders wat die volledige kursus bygewoon het, behoort oor die teoretiese **kennis** en **vaardighede** te beskik om die beginsels van die verskillende produksiepraktyke in die boerdery toe te pas en te bestuur.

20. INLEIDING TOT VARKPRODUKSIE OS1

DOELWIT:

Om die voornemende varkboer van die nodige teoretiese kennis te voorsien, ten einde hom/haar in staat te stel om weldeurdagte en ingeligte besluite te kan neem in die beplanning van sy/haar voorgenome varkproduksie eenheid.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116158 (2) 116081 (2)

INHOUD:

Algemene oorsig oor die Suid – Afrikaanse en internasionale varkbedryf; marknavorsing en bemarkingsvereistes; eienskappe en behoeftes van varke (biologiese kenmerke van varke, die sosiale en strukturele omgewing van varke, produksiesiklus); produksiesisteme; behuisingsfasiliteite; doeltreffende bestuur; ekonomiese oorwegings

UITKOMSTE:

Die student wat die volledige kursus bygewoon het, behoort oor die teoretiese

kennis en **insig** ten opsigte van die beginsels op grond waarvan 'n varkboerdery beplan word, te beskik.

21. VARKPRODUKSIE OS3

DOELWIT:

Hierdie kursus is ontwerp vir persone wat reeds met varke boer, asook dié wat die inleidende kursus tot varkproduksie (PIG OS1) suksesvol voltooi het en hul teoretiese kennis en vaardighede aangaande die produksiepraktyke van 'n varkboerdery wil verbreed.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116153 (5) 116107 (5) 116216 (4) 116120 (4)

INHOUD:

Varkrasse; teling en seleksie; produksiesiklus; versorging van varke gedurende verskillende groeistadia; behuising; voeding; gesondheidsbestuur; rekordhouding; bemarking en waardetoevoeging

UITKOMSTE:

Die leerders wat die volledige kursus bygewoon het, behoort oor die teoretiese **kennis** en **vaardighede** te beskik om met 'n varkboerdery te begin boer en die beginsels van die verskillende produksiepraktyke in die boerdery toe te pas.

22. VLEISBEESPRODUKSIE OS3

DOELWIT:

Om studente te voorsien van die nodige kennis en vaardighede rakende vleisbeesproduksie.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116158 (2) 116081 (2) 116197 (5) 116074 (5) 116173 (5) 116174 (6)

INHOUD:

Produksie in die Wes-Kaap; rasse; seleksie; teelseisoene; bestuur van diere; bemarking; voeding; dieregesondheid; rekordhouding

UITKOMSTE:

Die studente wat as bevoeg gesertifiseer word behoort oor die teoretiese **kennis** en praktiese **vaardighede** te beskik om die beginsels rakende vleisbeesboerdery toe te pas.

23. BOERBOKPRODUKSIE OS3

DOELWIT:

Om die student met kennis en vaardighede aangaande boerbok produksie praktyke te voorsien sodat suksesvol met Boerbokke geboer kan word.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116158 (2) 116637 (2) 116197 (5) 116190 (4) 116191 (6) 116164 (2)
116173 (5) 116174 (6)

INHOUD:

Boerbok rasse; seleksie; voeding; kudde bestuur; paartyd; lam en speen; gesondheidsbestuur; voorbereiding van produk vir bemarking; klassering; rekordhouding

UITKOMSTE:

Daar word van studente verwag om die volgende te bemeester het:

- Genoegsame **kennis** en **begrip** aangaande die bestuur van die kudde tydens paring, speen en lam.
- Genoegsame **kennis** en **begrip** aangaande voeding- en gesondheidsbestuur.
- Die benodigde **vaardighede** om die verskillende boerbok boerderypraktieke suksesvol te implementeer in hul daaglikse boerdery.

24. VOLSTRUISPRODUKSIE (0-3 MAANDE) OS2

DOELWIT:

Hierdie kursus is ontwerp vir persone wat reeds met volstruise boer, en hul teoretiese kennis en vaardighede aangaande die produksiepraktieke van 'n volstruisboerdery binne die eerste 3 maande wil verbreed.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116191 (5) 116081 (2) 116164 (2) 116074 (5) 116173 (5)

INHOUD:

Algemene oorsig oor die Suid – Afrikaanse en internasionale bedryf; eienskappe en behoeftes van volstruise; produksiesiklus; versorging van volstruise gedurende verskillende groeistadia; behuising en infrastruktuur; voeding; gesondheidsbestuur; rekordhouding; bemarking

UITKOMSTE:

Die leerders wat die volledige kursus bygewoon het, behoort oor die teoretiese **kennis** en **vaardighede** te beskik om die beginsels van die verskillende produksiepraktieke in die boerdery toe te pas.

25. VOLSTRUISPRODUKSIE 3 MAANDE TOT SLAG OS2

DOELWIT:

Hierdie kursus is ontwerp vir persone wat reeds met volstruise boer, en hul teoretiese kennis en vaardighede aangaande die produksiepraktieke van 'n volstruisboerdery vanaf 3 maande tot slag wil verbreed.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116191 (6) 116081 (2) 116164 (2) 116074 (5) 116173 (5)

INHOUD:

Algemene oorsig oor die Suid – Afrikaanse en internasionale bedryf; eienskappe en behoeftes van volstruise; produksiesiklus; versorging van volstruise vanaf 3 maande tot slag ouderdom; behuising en infrastruktuur; voeding; gesondheidsbestuur; produkhantering (vel, vere en vleis); rekordhouding; bemarKing

UITKOMSTE:

Die leerders wat die volledige kursus bygewoon het, behoort oor die teoretiese **kennis** en **vaardighede** te beskik om die beginsels van die verskillende produksiepraktyke in die boerdery toe te pas.

26. SKAAPPRODUKSIE OS3

DOELWIT:

Om die student met kennis en vaardighede aangaande skaapproduksie praktyke te voorsien sodat suksesvol met skape geboer kan word.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116158 (2) 116637 (2) 116197 (5) 116190 (4) 116191 (6) 116164 (2)
116173 (5) 116174 (6)

INHOUD:

Skaaprase; seleksie; voeding; kudde bestuur; paartyd; lam en speen; gesondheidsbestuur; voorbereiding van produk vir bemarKing; klassering; rekordhouding

UITKOMSTE:

Daar word van studente verwag om die volgende te bemeester het:

- Genoegsame **kennis** en **begrip** aangaande die bestuur van die kudde tydens paring, speen en lam.
- Genoegsame **kennis** en **begrip** aangaande voeding en gesondheidsbestuur.
- Die benodigde **vaardighede** om die verskillende skaap boerderypraktyke suksesvol te implementeer in hul daaglikse boerdery.

27. SUIWELPRODUKSIE OS10

DOELWIT:

Om die student van kennis en vaardighede aangaande melkbeesproduksiepraktyke te voorsien.

TOEPASLIKE EENHEIDSTANDAARDE (KREDIETE):

116173 (5) 116074 (5) 116219 (5) 116174 (6) 116110 (5) 116207 (6)
116081 (2) 116197 (5) 116117 (5)

INHOUD:

Suiwelrase; anatomie en fisiologie; faktore wat melkproduksie beïnvloed; reproduksie en kalwing; grootmaak van kalwers; voeding; gesondheidsbestuur; melkmasjiene, melkproses en higiene; ekonomie van suiwelproduksie

UITKOMSTE:

